

OPENBARINGSGESKIEDENIS, KERKGESKIEDENIS,
WÊRELDGESKIEDENIS

V.E. d'Assonville

Departement Ekklesiologie, PU vir CHO

ABSTRACT

The subject Church History has a continual struggle for survival as a theological science. It can be attributed partly to dialectical theology (Karl Barth et al.), to historicism (Troeltsch et al.) and also to the current ecumenical movement in the World Council of Churches.

In order to prevent Church History from being relativized to ordinary World History, it is imperative that it is distinguished, not only from the latter, but also from History of Revelation (events recorded in the Holy Scriptures).

However, the connection between these three types of history is clear, too:

Church History finds its point of departure in the History of Revelation, but is made manifest in World History. In this way only justice can be done to Church History as a theological science.

In die teologiese wêreld moet die vak Kerkgeskiedenis steeds 'n stryd vir sy bestaansreg voer.

Alreeds in die 18de eeu was dit die filosofie van die Duitse Aufklärung (verligting) wat met die vak afgereken het. Dit sien ons veral in die teologie van Semler (1725-1791) wat met sy histories-kritiese Skrifondersoek 'n nuwe tydvak ingelui het. Met sy "Unterscheidung von H1. Schrift und Wort Gottes" en sy keuse van die "historische Religion" ten koste van die Kerkgeskiedenis (Schmittner, 1963:30 e.v., 59 e.v.), is na die tradisionele protestantse teologie, 'n nuwe tydvak ingelui.

Koers 53(3) 1988

-460-

Troeltsch (1865-1923) die vader van die Historisme met sy "Begriff des Historisch-Relativen" dra verder met 'n vals openbaringsbegrip, naamlik dat God Homself nie volkome in die Heilige Skrif openbaar nie, die miskiening van die Kerkgeskiedenis as 'n teologiese wetenskap die 20ste eeu in. "Denn vieles, was sich heute Historie nennt, ist nicht mehr Historie" (Troeltsch, 1912:54). Alles is in 'n historiese proses waarin geen absolute waardes en waarhede voorkom nie (Polman, 1961:411).

Karl Barth praat van "die sogenannte Kirchengeschichte" (sogenaamde kerkgeskiedenis) wat nie as 'n selfstandige teologiese dissipline erken word nie (Barth, 1935:1,S.3). Nog baie meer voorbeelde kan genoem word om aan te toon dat daar onder baie teoloë 'n opvatting ontwikkel het dat Kerkgeskiedenis slegs 'n onderdeel van die gewone geskiedenis (wêreldgeskiedenis) vorm. Soos Kunstgeskiedenis, Ekonomiese geskiedenis, ens., kan die vak alleen aan die lewe gehou word deur die grasia van die gewone geskiedenis onder die mensdom.

Hierdie miskiening van die teologiese vak Kerkgeskiedenis word verder gestimuleer deur o.a. die Relatiwisme dat die waarheid altyd met betrekking tot 'n tyd, omstandighede, ens. moet gesien word.

Openbaringsgeskiedenis die uitgangspunt

Alleen met die visie van die Openbaringsgeskiedenis (dit is die geskiedenis van God se openbaring in die Heilige Skrif) kan ons kom tot 'n suiwer beskouing oor die Kerkgeskiedenis. En alleen deur 'n duidelike onderskeiding tussen hierdie twee soorte geskiedenis word die bestaansreg van die Kerkgeskiedenis as teologiese wetenskap duidelik. Trouens, ook die onderskeiding ten opsigte van die gewone geskiedenis of wêreldgeskiedenis is uiters noodsaaklik.

Openbaringsgeskiedenis, of in die woorde van H. Bavinck, die *Historia revelationes*, is 'n wetenskap wat ons laat sien dat die besondere openbaring van God in die Heilige Skrif aan die algemene openbaring in die natuur en die skepping verwant is en tog ook wesentlik onderskeel is en deur die eeue "door eene eigen gedachte beziel en geleid wordt" (Bavinck, I, 1906:359).

In kort kan ons die Openbaringsgeskiedenis as 'n sleutel om die Kerkgeskiedenis en die Wêreldgeskiedenis te verstaan en te onderskei, soos volg saamvat:

- Dit het 'n geloofsuitgangspunt: Artikel 2 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) sê: "Ten tweede maak Hy Homself aan ons nog duideliker en meer volkome bekend deur sy heilige en goddelike Woord ..."
- Dit is streng teologies: Dit gaan nie ten eerste oor die openbaring van die geskiedenis nie, maar oor die openbaring van God in die geskiedenis.
- Dit is antropomorfies (menvormig) van aard: Die openbaring van God kom onder mense, in die taal van mense, in die lewe van mense, ens.
- Dit is soteriologies: Dit is ook verlossingsgeskiedenis, heilsgeskiedenis. Dit vertel van die groot "Soter" Jesus Christus wat die mens verlos uit genade.
- Dit vorm 'n volkome eenheid: Omdat dit God se openbaring is vorm hierdie geskiedenis 'n vertikale eenheid. Dit is nie losstaande horisontale fragmentariese feite nie.
- Dit is algenoegsaam: Die NGB bely hierdie openbaring as "soveel naamlik as wat ons nodig het in hierdie lewe, tot sy eer en die saligheid van wie aan Hom behoort" (art 2).

Om saam te vat: God openbaar Homself in Jesus Christus die gekruisigde en opgestane Heiland. Niemand kom tot die Vader behalwe deur Hom nie (Joh 14:6). So staan Jesus in die sentrum van die Wêreldgeskiedenis. Aan Hom is gegee alle mag in die hemel en op die aarde (Matt 28:18). Hy is die Koning van die konings en sy volbragte werk gee sin aan die Kerkgeskiedenis en die herskepping in die Wêreldgeskiedenis. In Hom is die redding van die wêreld vervul, die toekoms beslis en die ewige saligheid gewaarborg. En wat Hy verwerf het aan die kruis en in sy

opstanding, sal sy Gees verder toepas in die Kerkgeskiedenis en Wêreldgeskiedenis.

Openbaringsgeskiedenis en Kerkgeskiedenis

Waar lê die grens tussen hierdie twee? Volgens die Gereformeerde belydenis was die kerk alreeds daar van die begin van die mensdom af (NGB art. 27 en Heidelbergse Kategismus in Sondag 21). Dan val 'n groot deel van die Kerkgeskiedenis saam met die Openbaringsgeskiedenis. Waar Christus sy kerk vergader deur sy Woord en Gees (Sondag 21) en die werk van die Heilige Gees met Pinkster op die voorgrond tree, sien ons dat die kerkgeskiedenis sy beginpunt in die Openbaringsgeskiedenis het. Teologies gesien, vind die Openbaringsgeskiedenis sy afsluiting in die Bybelse kanon waarin die apostoliese prediking met gesag spreek.

Hierdie afsluiting van die besondere openbaring of die Openbaringsgeskiedenis is baie belangrik. Dit beteken dat die Kerkgeskiedenis geen voortsetting van die Openbaringsgeskiedenis is nie. In die Kerkgeskiedenis - na die afsluiting van die kanon - kan daar nie meer gewag word op voortdurende nuwe openbaringe nie, soos wat byvoorbeeld die Montanisme in die 2de eeu, die Spiritualisme in die Middeleeue, die Anabaptisme in die 16de eeu en die Pentakostalisme met die Charismatiese bewegings vandag geleer word.

As dit sou gebeur - nuwe besondere openbaringe van God buite die Bybel in die kerkgeskiedenis - dan word die Openbaringsgeskiedenis volgens die Heilige Skrif van sy norm en kritiese funksie beroof.

Die Kerkgeskiedenis is volledig op die Openbaringsgeskiedenis betrokke, maar dit val nie daarmee saam nie. Dit is nooit 'n duplikaat daarvan nie en ook nie 'n aanhangsel daarvan nie.

Die kerkgeskiedenis is ook geen herhaling van die Openbaringsgeskiedenis nie, want dit sou weer ten onregte aan die kerkgeskiedenis 'n kritiese norm gee wat alleen die Heilige Skrif besit. Dit doen die Roomse Kerk as hy aan die kerklike dogma en die Bybel dieselfde gesag toeken en dit identifiseer (D'Assonville, 1981:5-6).

Maar laat ons 'n klein stap verder gaan: As die Openbaringsgeskiedenis dan so 'n sterk en onbetwiste aanspraak op sy posisie as teologiese wetenskap kan maak - sy grense is selfs niks minder as die kanon nie, dieselfde grense as die eksegeese - is die Kerkgeskiedenis dan nie langs hom in 'n minderwaardige posisie nie? Is Karl Barth en die ander wat ons genoem het dan nie tog reg as hulle aan hierdie vak 'n minderwaardige plek of geen plek in die teologie wil gee nie?

Laat ons die perspektief duidelik stel: Kerkgeskiedenis is nie 'n onderdeel van die Wêreldgeskiedenis nie en ook nie 'n voortsetting van die Openbaringsgeskiedenis nie. Wat is dan sy presiese plek?

Dit wortel in die Openbaringsgeskiedenis, maar val nie daarmee saam nie.

Dit vind sy beginpunt en eerste ontwikkeling in die Kanon van die Skrif, maar lê daarna heeltemal daarbuite.

Die unieke plek van die Kerkgeskiedenis is dat dit in die wêreld moet bestaan, maar nie van die wêreld uitgaan nie - dit gaan uit van die Openbaringsgeskiedenis.

Hierdie stelling is nie empiries bewysbaar nie, maar is 'n saak van die geloof net soos wat die kerk self ook 'n saak van die geloof is: "Ek glo aan 'n heilige algemene christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges ..." (Die "Apostolicum" of "12 Artikels"). En die grond van hierdie geloof aan die kerk, is die Woord van God.

So is die Kerkgeskiedenis nooit van die Heilige Skrif los te maak nie. En so het die Kerkgeskiedenis geen ander fondament as God se Openbaringswoord oor die kerk nie. Daarom is daar vir hierdie vak geen ander plek waar hy sy ankers kan werp as alleen op die terrein binne die grense van die kanon nie.

As hierdie waarheid nie geglo word nie, dan is Kerkgeskiedenis geen teologiese wetenskap nie.

Kerkgeskiedenis en Wêreldgeskiedenis

Hier het ons weer 'n ander unieke verhouding. Ook hier moet duidelik onderskei, maar nooit geskei word nie. Ook hier loop die verbindingslyne soms op 'n geheimsinnige manier deurmekaar. Groot stukke van die Kerkgeskiedenis val dikwels saam met die Wêreldgeskiedenis en andersom.

Maar ook hier is die diepste grond van die verhouding Jesus Christus. Hy sit aan die regterhand van God. Hy is die Hoof van sy kerk en deur Hom regeer die Vader alle dinge (Heidelbergse kategismus, Sondag 19).

Dit beteken heel eenvoudig: Ook die diepste grond van die hele Wêreldgeskiedenis, is 'n teologiese grond. Dit is die werklikheid van Paulus se uitspraak in Efesiërs 1:22-23:

"Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul."

Hier het ons die unieke aanknopingspunt tussen Openbaringsgeskiedenis, Kerkgeskiedenis en Wêreldgeskiedenis.

Miskenning van die grense

Die teologie na die Tweede Wêreldoorlog word selfs getipeer as "'n Nuwe vrysinnigheid" (Van Dijk, 1966:8). Onder andere word dit juis gemanifesteer in die onderskeiding tussen Openbaringsgeskiedenis, Kerkgeskiedenis en Wêreldgeskiedenis (Francke, 1975:17).

Dit is heeltemal onmoontlik om enigsins selfs 'n kort oorsig oor hierdie aspek van die geskiedenis in die jongste teologie te gee en daarom volstaan ons by enkele voorbeelde soos wat dit prakties uitkom in die kerklike ekumeniese beweging van die Wêreldraad van Kerke. Hier vind ons die duidelike opheffing van grense en die nivelering tussen die drie soorte geskiedenis.

Uit die gesaghebbende studie van Müller-Fahrenheit (1974:26 e.v.) kry ons die volgende gegewens:

Gedurende 1949 is die tema van die geskiedenis deur 'n studiekonferensie van die Wêreldraad van Kerke in Bossey aangepak onder leiding van die bekende sendingman, H. Kraemer. Die titel van die tema was: Die sin van die geskiedenis. Die volgende standpunte is toe daar verdedig:

1. Alle geskiedenis is verlossingsgeskiedenis. Dit word so gekwalifiseer omdat geskiedenis die werk van God is en God die God is wat verlos. Dit kan alleen deur die geloof bely word.
2. Die Bybelse geskiedenis is 'n spesiale verlossingsgeskiedenis en alle ander geskiedenis is gewone verlossingsgeskiedenis. Eersgenoemde het 'n hermeneutiese funksie vir die gewone verlossingsgeskiedenis. Wêreldgeskiedenis is dus meteen ook verlossingsgeskiedenis.
3. Die verlossingsgeskiedenis van die Bybel word voortgesit deur die Kerkgeskiedenis en dit deurdring weer op sy beurt die Wêreldgeskiedenis.
4. Die profane geskiedenis is dus onderdeel van God se verlossingsplan. Hierdeur word God erken.
5. Slegs christelike historici kan werklik (eksistensieël) van God se verlossingswil getuig.

Konklusie: In hierdie uitsprake oor die geskiedenis is daar geen grense meer tussen Openbaringsgeskiedenis, kerkgeskiedenis en Wêreldgeskiedenis nie. Die gevolg is dat die verlossing deur Christus geïdentifiseer word met maatskaplike, politieke en nasionale bevrydingsbewegings in die hele wêreld (Van 't Spijker, 1977:184).

Hieruit volg dan 'n belangrike vraag: Het ons nie juis hier, in hierdie geskiedenisbeskouing sonder onderskeiding tussen die drie soorte geskiedenis, die eintlike begin van die sogenaamde Bevrydingsteologie of ander soortgelyke "soorte" teologie nie?

Dit word 'n prikkel vir verdere nadenke.

Ten slotte

Slegs wanneer die kerk getrou bly aan die Bybel as die Woord van God, sal hy die sulwer perspektief op die hele geskiedenis hê. Alleen God is dan die groot Outeur van die onskelbare geskiedenis wat tog onderskei

word met duidelike grense in Openberingsgeskiedenis (die Woord), kerkgeskiedenis en die Wêreldgeskiedenis. Dit alles loop uit op die groot eindpunt, die "eschaton", die laaste en ewige nuwe begin as hieldie drie onderskeie soorte geskiedenis finaal ineen vloei met die koms van Christus. Dit is geen utopia, geen ideologie nie, maar die profasie van die Skrifte (Van 't Spijker, 1977:204).

BIBLIOGRAFIE

BARTH, K. 1935. Die Kirchliche Dogmatik I. München : Chr. Kaiser Verlag.

BAVINCK, H. 1906. Gereformeerde Dogmatiek (4 dele). Kampen : J.H. Bos.

BERKHOF, H. 1959. Christus de zin der Geschiedenis. Nijkerk : Callenbach.

D'ASSONVILLE, V.E. 1981. Bakens vir die Dogmageskiedenis. Potchefstroom : Marnix.

DE GRAAF, S.G. (ongedateerd). God en de Historie. Amsterdam : N.U.M.A. Uitgewers.

DE HAAN, J.D.B., DOOIJEWIJD, H., BRUGMANS, H., SNETHLAGE, J.L., VAN SENDEN, G.H. (ongedateerd). De zin der Geschiedenis. Assen : Van Gorcum.

GRANCKE, Joh. 1975. De jongste Theologie. Groningen : De Vuurbaak.

LÖWITH, K. 1961. Weltgeschichte und Heiligeschehen. Stuttgart : W. Kohlhammer Verlag.

McINTIRE, C.T., GILKEY, L., MARTY, M.E., MARSDEN, G., RIENSTRA, M.H., HANDY, R.T., SWIERENGA, R.P., VAN KLEY, D. 1984. History and historical Understanding. Grand Rapids : Eerdmans.

MEKKES, J.P.A. 1961. Scheppingsopenbaring en Wijsbegeerte. Kampen : J.H. Kok.

MÜLLER-FAHRENHOLZ, G. 1974. Heilsgeschiede zwischen Ideologie und Prophetie. (Soos aangehaal deur Van 't Spijker, 1977:176-177).

POLMAN, A.D.R. 1961. (In Christelijke Encyclopedie, 6:411.)

POPMA, K.J. 1972. Evangelie en Geschiedenis. Amsterdam : Buijten & Schipperheijn.

SCHMITTNER, W. 1963. Kritik und Apologetik in der Theologie J.S. Semlers. München : Chr. Kaiser Verlag.

SELGE, K. 1982. Einführung in das Studium der Kirchengeschichte. Darmstadt : Wissenschaftliche Buchgesellschaft.

TROELTSCH, E. 1912. Die Absolutheit des Christentums. Tübingen : J.C.B. Mohr.

VAN DIJK, M.P. 1966. Naar een nieuwe Vrijzinnigheid. Franeker : Uitgeverij T. Wever.

VAN 'T SPIJKER, W. 1977. Reformatie en Geschiedenis. Goes : Oosterbaan & Le Cointre.

VAN 'T SPIJKER, W. 1981. Triptiek van de Geschiedenis. Goes : Oosterbaan & Le Cointre.